basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## GESKIEDENIS V2

## NOVEMBER 2011

## ADDENDUM

**Hierdie addendum bestaan uit 13 bladsye.**


Kopiereg voorbehou

MPUMALANGA

## VRAAG 1: WATTER IMPAK HET DIE INEENSTORTING VAN DIE USSR IN 1989 OP SUID-AFRIKA GEHAD?

### BRON 1A

Hierdie is 'n spotprent deur die Engelse spotprenttekenaar, M Cummings, gedateer 24 Augustus 1988. Dit toon Gorbachev wat probleme ervaar met 'glasnost'. Die teks onder die spotprent is oorgetik vir duidelikheid.
Geneem uit http://www.ena.Lu/Cartoon_Cummings_glasnost_24_August_1988_03_26907.




**'As sy so as baba is, hoe sal sy wees as sy volwasse is?'**

**Op vlaggie is geskryf: DEMOKRASIE**
**VRYHEID!**

**BRON 1B**

Die uittreksel hieronder vestig die aandag op hoe die ANC hulleself vir onderhandelings voorberei het.
Geneem uit *The Dream Deferred: Thabo Mbeki* deur M Gevisser.

As jy 'n papierspoor kon volg na die begin van die ANC se denke oor 'n ooreengekome skikking, sou jy met 'n komitee begin wat bestaan uit Thabo Mbeki, Pallo Jordan, Mac Maharaj, Sipho Makana en James Stuart, wat deur OR Tambo aangewys is. In 'n ongetekende dokument, opgestel in Augustus 1984, het die komitee 'n uitdagende reeks vrae gevra: 'Is die revolusionêre oordrag van mag moontlik?', 'Is 'n gewapende stryd 'n uitvoerbare opsie?', 'Is die militêre strategie van die ANC korrek?' 'Sou daar 'n ooreengekome skikking kon wees' en 'watter vorm sou sulke onderhandelings aanneem?'. 'Hoe sal die ANC se eie volgelinge reageer?' en 'sou die ANC vereis dat daar 'n bemiddelaar tussen hulself en die Pretoria-bewind moes wees, of sou hulle direkte kontak wou hê?' 'Sou die ANC aanvaar dat Nelson Mandela en ander eerste met Botha onderhandelings aanknoop om voorwaardes vir Oliver Tambo en ander voor te berei om sulke onderhandelings aan te knoop?' Een van die insiggewendste vrae het aan die einde van die dokument gekom: 'Moet die ANC nie sy verhouding met die USSR herdefinieer nie om sodoende te verseker dat hulle hulself as 'n onafhanklike mag projekteer en dat dit die moontlikheid van erkenning deur die Westerse lande verhoog ...?'

**BRON 1C**

Hierdie bron lewer kommentaar op hoe die ineenstorting van kommunisme die weg vir hervormings in Suid-Afrika gebaan het.
Geneem uit *The Bold Experiment: South Africa's New Democracy* deur H Giliomee et al.

Kommunistiese invloed in die ANC was werklik genoeg, net soos die ANC se afhanklikheid van die Oosbloklande. Die merkwaardige verdwyning van Marxistiese-Leninistiese state, gesimboliseer deur die ineenstorting van die Berlynse Muur in 1989, het 'totale aanslag'-denke verklein en aan De Klerk meer politieke ruimte gegee om tot ingrypende hervormingstappe oor te gaan. Indien die Kremlin nie meer bestaan het as die bron van 'n sogenaamde wêreldwye sameswering nie, kon die ANC nie meer maar net as 'n kliënt van die Sowjetstate beskou word nie. Verder, gegee die val van Kommunisme as 'n betekenisvolle bedreiging, kon selfs die verbod op die SAKP (Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party) veilig opgehef word.

**BRON 1D**

Hierdie bron fokus op De Klerk se poging om hervormings te bewerkstellig.
Geneem uit *Tomorrow is Another Country: The Inside Story of South Africa's Negotiated Revolution* deur A Sparks.

'… maar in ten minste een opsig was De Klerk krities anders as Gorbachev. Hy het gehou by veranderinge. Hy het nie probeer om die proses te stop nie. Hy het begin besef dat jy nie 'n onderdrukkende stelsel kan hervorm nie; dat as jy begin om dit te verslap, jy dit deeglik moet doen. Daar kan nie perestroika wees nie, slegs afskaffing. Hy het dit so aanvaar soos wat dit duidelik geword het. Sy eie proses van verandering het tred gehou met gebeure, en dit is wat hom – en Suid-Afrika – gered het. En so het hy op die toneel gebly, alhoewel in 'n kleiner rol.'

## VRAAG 2: HOE HET DIE INEENSTORTING VAN DIE SOWJETUNIE BYGEDRA TOT DIE HERVOORSTELLING VAN EGIPTE IN DIE 1990's?

### AGTERGRONDINLIGTING OOR EGIPTE

In Junie 1953 het Egipte onder leiding van Kolonel Gamal Abdul Nasser 'n republiek geword. In 1970 het Anwar Sadat vir Nasser opgevolg. Hy het 'n verskuiwing in Egipties-Sowjet-verhoudinge teweeggebring. Sadat het hom tot Amerika gewend vir hulp, maar is deur die Amerikaanse President Jimmy Carter onder druk geplaas om Israel te erken. In antwoord daarop het Egiptiese onversetlikes Sadat laat vermoor as gevolg van sy sterk bande met die Weste. Hosni Mubarak het die leierskap van Egipte in 1981 oorgeneem en bande met die Sowjetunie herstel. Teen die 1990's is kulturele, ekonomiese en politieke verhoudinge met die Sowjetunie egter verstewig omdat dit demokrasie aanvaar het.

### BRON 2A

Die volgende bron bestaan uit twee perspektiewe oor ekonomiese veranderinge in Egipte na die ineenstorting van die Sowjetunie in 1989.

**<u>Perspektief 1</u>: Fokus op hoe die ineenstorting van kommunisme Egipte beïnvloed het. Geneem uit *Modern History* deur Guy Arnold.**

Hulp was die skakel tussen die ontwikkelde lande en Afrika regdeur die Koue Oorlog, maar hierdie stand van sake het tot 'n einde gekom met die val van Rusland. Die hoeveelheid hulp wat Westerse lande bereid was om aan Afrika te verleen, is verminder. Hulp van Rusland en die Sowjetunie het in die niet verdwyn. Die meeste lande moes nou bly by die uitleenbeginsels van die Internasionale Monetêre Fonds (IMF) en die Wêreldbank ... Na die Koue Oorlog was die enigste doeltreffende ekonomiese beleid die Westerse model; die een van die Sowjetunie se geloofwaardigheid is aangetas en dit het in duie gestort … Ekonomiese beleide moes aangepas word, maar het wydverspreide swaarkry teweeggebring. Dit het druk op regerings geplaas om te oorleef ... Egipte kon ekonomies op Amerikaanse hulp oorleef ... op sy beurt moes Egipte vriendelik wees met sy Joodse bure (Israel).

**<u>Perspektief 2</u>: Fokus op die uitwerking van die ineenstorting van die Sowjetunie op Egipte se ekonomie. Geneem uit <u>http://globalgeopolitics.net/wordpress/2010/01.18/egypt-economists-blame-neo-liberalism-for-regions-woes/</u>.**

Na die ineenstorting van die Sowjetunie het Egipte 'n 'neo-liberale' (nuwe vorm van liberalisme) ekonomiese beleid aangeneem en sy sosialisties-georiënteerde beleide na dié van die 'vrye mark' verander. Nou noem baie kritici egter die strategie 'n mislukking ... Die doel van die nuwe ekonomiese beleid was om die ekonomie te 'liberaliseer' deur dit oop te maak vir invoere van oorsee en om buitelandse beleggings in die land se ontwikkeling te verwelkom.

Die val van die Sowjetunie het die opkoms van kapitalistiese lande op die wêreld se verhoog toegelaat ... hulle was ten gunste van neo-liberale ekonomieë. Op hierdie stadium het die Internasionale Monetêre Fonds en Wêreldbank, wat beheer word deur die gevorderde, kapitalistiese nasies, Amerika, Brittanje, Frankryk, begin om ontwikkelende lande te dwing om neo-liberale ekonomiese beleide te volg indien daardie lande vir finansiële hulp wou kwalifiseer.

Hierdie beleide het privatisering van openbare bates, die oopmaak vir buitelandse beleggings, 'n kleiner staatsdiens, geen handelsregulasies, om pryse te los vir 'markkragte' en om die privaat sektor aan te moedig om selfs 'n groter rol in die bestuur van die staat te speel, ingesluit.

**BRON 2B**

Die volgende bron fokus op die uitwerking van Hosni Mubarak se ekonomiese beleid. Geneem uit http://nationsencyclopedia.com/economies/Africa/Egypt/POVERTY-AND-WEALTH.html.

Hosni Mubarak het in 1981 die president van Egipte geword. Sy ystergreep op elke vlak van die samelewing het Egipte stabiel gehou, maar teen 'n prys. Dit het ekonomiese ongelykhede vererger, die meeste van die 80 miljoen mense in armoede gelaat en tot bitterheid gelei ... Maar lewenstandaarde in Egipte is laag, gemeet aan internasionale standaarde, en het sedert 1990 aanhoudend gedaal. Volgens syfers van die Verenigde Nasies het 20 tot 30 persent van die bevolking onder die broodlyn geleef. Ten spyte van wydverspreide armoede het ongelyke ontwikkeling egter gelei tot die opkoms van 'n ryk klas wat die meeste van die land se rykdom beheer en 'n hoë lewenstandaard geniet het, wat inkopies by sentrums wat met die beste ingevoerde goedere spog, insluit. Die rykes, wat in stede soos Kaïro woon, stuur hulle kinders na privaat skole en universiteite oorsee. Tog, nie ver van hierdie welgestelde buurte af nie, woon 'n beduidende getal arm Egiptenare in armoede, met armoedige en oorvol blyplek, beperkte voedselvoorrade en onvoldoende toegang tot skoon water.

As gevolg van hoë inflasie, wat op sy hoogtepunt in 1989 28,5 persent gehaal het, het die middel- en laer klasse gesien hoe hulle lewenstandaard sedert die 1980's verkrummel. Die probleem is vererger deur die regering se verlaging van subsidies op basiese lewensmiddele en sekere begrotingsbeheermaatreëls op openbare dienste sedert 1991. Die regering se bewustheid van die politieke implikasies van die algehele opheffing van subsidies het die implementering van die prysregulasies volgens die mandaat van die IMF vertraag.

**BRON 2C**

Hierdie spotprent het in Desember 2010 in die *Pambazuka News*, 'n plaaslike Egiptiese dagblad, verskyn. Dit is gepubliseer in antwoord op die massa-opstande teen Hosni Mubarak se dertig jaar lange regering van Egipte. Mubarak het Egipte geregeer gedurende die tydperk waarin die land homself hervoorgestel het. Hy was dus verantwoordelik vir die ekonomiese en politieke verlamming (wanbestuur) van Egipte na 1990.
Geneem uit http://www.pambazuka.org/en/category/cartoons/67921.

**HY BELIGGAAM DIT WAT EGIPTE VANDAG IS ... EKONOMIESE VOORUITGANG, MAAR POLITIEKE VERLAMMING!**




**Mubarak**

**Weermag-personeel**

**Lede van die regering en die heersende elite**

**VRAAG 3: HOE HET DIE ONDERHANDELINGSPROSES DIE WEG GEBAAN VIR 'N DEMOKRATIESE SUID-AFRIKA?**

**BRON 3A**

Hierdie bron bestaan uit 'n geskrewe en 'n visuele bron wat op die Groote Schuur-minuut betrekking het.

**Geskrewe bron: Hierdie uittreksel fokus op die ontmoeting wat op 2 Mei 1990 by Groote Schuur tussen senior leiers van die Nasionale Party-regering en die African National Congress (ANC) gehou is.**
**Geneem uit *Turning Points in History – Book 6* onder redaksie van F du Toit.**

Die formele onderhandelings in die rigting van demokrasie in 'n verenigde Suid-Afrika het begin. Die eerste dag se samesprekinge was verkennend van aard en het aandag gegee aan hindernisse in die pad van onderhandelings. Mense aan beide kante was verras dat, na soveel dekades van vyandigheid, hulle openlik en reguit met mekaar kon praat en selfs 'n paar grappies kon deel. Teen die einde van die derde dag het hulle 'n ooreenkoms, wat die Groote Schuur-minuut genoem is, bereik. Die ANC het hom daartoe verbind om sy gewapende stryd te hersien en die regering om sekuriteitswetgewing te hersien en 'n einde aan die noodtoestand te maak. 'n Werkgroep is aangewys om amnestie vir politieke oortredings en die verdere vrylating van politieke gevangenes te oorweeg.

Die grootste prestasie van die Groote Schuur-ontmoeting was egter dat dit 'n vlaag van hoop en optimisme dat 'n oplossing moontlik kon wees, in Suid-Afrika en in die internasionale gemeenskap veroorsaak het.

**Visuele bron op die volgende bladsy.**

**<u>Visuele bron</u>: Hierdie foto is op 2 Mei 1990 geneem, nadat die afvaardiging van die Nasionale Party-regering en die ANC by Groote Schuur in Kaapstad ontmoet het.**
**Geneem uit *Turning Points in History – Book 6* onder redaksie van F du Toit.**



**BRON 3B**

Hierdie bron bestaan uit 'n geskrewe en 'n visuele bron oor die Konvensie vir 'n Demokratiese Suid-Afrika (KODESA).

**<u>Geskrewe bron</u>: Hierdie is 'n beskrywing deur Rich Mkhondo, 'n joernalis, oor die geskiedkundige veelparty- Konvensie vir 'n Demokratiese Suid-Afrika (KODESA). Dit is in 1991 by die Wêreldhandelsentrum in Kempton Park, Johannesburg, gehou. Geneem uit *Making History* deur H Claire.**

Ek was een van die eerstes om by die konvensie aan te kom. Ek was in die eerste plek gretig om 'n glimp te kry van al die mans en vroue wat my toekoms sou vorm. Tweedens, as ek geskiedenis in wording moes opteken, wou ek van die begin af daar wees. Teen 'n agtergrond vol ironieë, het swart en wit sekuriteitsbeamptes afgevaardigdes te midde van die helder ligte van fotograwe en televisiekameras begelei. Toe Nelson Mandela en FW de Klerk gearriveer het, het hulle 'n belangrike plek ingeneem en gedemonstreer dat die hoop en vrese, onsekerhede en verwagtinge van 'n demokratiese Suid-Afrika op hulle skouers gerus het. Vir net minder as twintig maande het die twee 'n politieke balanseringstoertjie gedoen wat Suid-Afrika verander het en hoop aan miljoene gebring het wat vol wanhoop was. Van hierdie dag af sou die politieke toekoms van Mandela en De Klerk twee kante van dieselfde muntstuk wees. Met die opdrag om die onderhandelingsproses aan die gang te hou, sou hulle probeer om die land se gefragmenteerde groepe te verenig, om township- politieke moorde te beëindig en om 'lefties' (kommuniste) en regsgesindes (konserwatiewes) na die onderhandelingstafel toe te bring. Tussen hulle sou hulle bepaal of daar 'n vreedsame oorgang na 'n nuwe Suid-Afrika sou wees en of ons in steeds verergerende geweld gedompel sou word.

**<u>Visuele bron</u>: Toon die embleem van KODESA wat beide swart en wit Suid-Afrikaners gedurende die veelpartygesprekke in Kempton Park verteenwoordig het. Geneem uit *New History of South Africa* deur H Giliomee et al.**



**BRON 3C**

Hierdie is 'n uittreksel uit 'n artikel, geskryf deur R Meyer, die hoofonderhandelaar vir die Nasionale Party, getiteld *Shift of Thinking*.
Geneem uit die *Financial Mail Special Reports*, 7 Mei 2004.

Die persoonlike chemie (goeie interpersoonlike verhoudinge) van sommige van die belangrikste rolspelers, saam met wedersydse vertroue en 'n gevoel van eienaarskap van die proses en sy uitkoms, was alles bestanddele van die suksesverhaal wat nou deel is van ons geskiedenis. Miskien het die gevoel wat ons gehad het dat ons net een kans het om die konflik vreedsaam op te los, die dryfkrag aan beide kante geword om 'n skikking te bereik. Selfs gedurende die moeilikste tye van die onderhandelings – soos die ineenstorting van samesprekinge na die Boipatong-slagting in Junie 1992 – was dit hierdie gevoel wat ons laat aanhou praat het. En dit het verseker dat ons nooit na die beginpunt teruggekeer het nie.

Soos wat die tyd verbygegaan het, het ons almal wat betrokke was, dieper en meer gefokusde insig verkry in hoe om antwoorde te vind op verskeie botsende standpunte. 'n Verandering het in die gemoed van die NP-regering plaasgevind rondom die tyd van Boipatong. Tot op daardie tydstip het ons nog vasgeklou aan die ou konsep van maksimum beveiliging van witminderheidsbelange, wat deur verskeie grondwetlike meganismes beskerm is. Dit was 'n integrale deel van die algehele probleem. Maar realiteit het deurgedring en daarmee saam 'n nuwe besef: gelyke regte vir almal, beskerm deur 'n stel fundamentele regte wat in die grondwet verskans is. Hierdie nuwe fokus het 'n gevoel van vryheid vir elkeen van ons tot gevolg gehad.


MPUMALANGA

## VRAAG 4: HOE HET DIE WAARHEID-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) SUID-AFRIKA SE VERDEELDE VERLEDE GEHANTEER?

### BRON 4A

Hierdie uittreksel vestig die aandag op die behoefte aan die WVK.
Geneem uit *Every Step of the Way: The Journey to Freedom in South Africa* waarvan die opdrag om geskryf te word, deur die Ministerie van Onderwys, 2004, gegee is.

'n Sleutelfiguur in die formulering van die wet wat die kommissie gestig het, was die destydse Minister van Justisie, Dullah Omar. Daar was baie openbare angstigheid oor die vooruitsig van 'n anti-Afrikaner-heksejag. Hy het hierdie vrese besweer:

*Ek wil graag beklemtoon dat die doelwit nie is om 'n heksejag uit te voer nie, of om oortreders van menseregte voor die hof te sleep om aangekla te word nie. Dit is ... om Suid-Afrikaners in staat te stel om op 'n moreel aanvaarbare grondslag vrede te maak met die verlede en om die saak van versoening te bevorder.*

Ook sou die bewerings van wanpraktyke teen die ANC nie 'toegesmeer of weggesteek word' nie.

Omar het aanhoudend die behoefte beklemtoon dat 'n forum verskaf moes word waar slagoffers die waarheid, soos hulle dit ervaar het, kon praat, en waar oortreders die waarheid, soos hulle dit geken het, kon blootlê.

Die WVK is vroeg in 1996 gestig, onder die gesamentlike leierskap van Aartsbiskop Desmond Tutu en die voormalige geestelike en liberale politikus Alex Boraine. Ander kommissarisse was afkomstig uit die hele rasse- en politieke spektrum.

Die taak daarvan was om menseregtemisdrywe aan alle kante tussen 1960 en 1994 te ondersoek, om getuienis van slagoffers en oortreders aan te hoor en, waar alles blootgelê is en politieke motivering duidelik teenwoordig was, om aan oortreders amnestie van vervolging of siviele aksie te verleen. Die doelwit was om die vertel van die waarheid aan te moedig.

### BRON 4B

Hierdie is deel van 'n onderhoud met die filmmaker, Frances Reid, wat die film *Long Night's Journey into Day* vervaardig het. Dit handel oor die werk van die WVK, 1997.

**[Verslaggewer]: Wanneer en hoe het jy besluit om hierdie projek aan te pak?**

**[Reid]:** In 1997, nadat ek stories van die Waarheid-en-Versoeningskommissie gehoor het, was ek geroer deur wat hier gebeur het.


**[Verslaggewer]: Wat was jou doelwitte met die maak van *Long Night's Journey into Day*? Wat wil jy hê moet 'n kyker verstaan nadat hy/sy die film gesien het en wat sou jy graag wou sien gebeur met die film?**

**[Reid]:** Ons doelwit was om 'n storie te vertel wat universeel was. Ons wou 'n storie vertel waarmee die mense in die Verenigde State, asook Suid-Afrika of enige plek in die wêreld, kon assosieer. Ons almal het al op een of ander manier ervaar dat ons te na gekom is of iemand anders te na gekom het. Hoe verwerk ons daardie belewenisse? Ons wou 'n film maak wat kykers sou aanspoor om te dink oor en gesprekke te hê oor hoe hulle daardie kwessies in hulle eie lewens, in hulle families, in hulle gemeenskappe en in hulle nasies sou trotseer.


MPUMALANGA

**BRON 4C**

Hierdie spotprent deur Zapiro is in die koerant, *Mail & Guardian*, op 30 Julie 1998 gepubliseer. Dit toon twee deelnemers in die middel, een swart en een wit, met die voorsitter van die kommissie, Aartsbiskop Desmond Tutu, wat op die trappe staan. Geneem uit *Truth and Reconciliation in South Africa: 10 Years On* deur F du Toit.



## ERKENNINGS

Visuele bronne en ander historiese bewyse is uit die volgende geneem:

Arnold, G. 2005. *Africa: A Modern History* (London; Atlantic Books)
Bradley, C. 1996. *Causes and Consequences of the End of Apartheid* (London; Raintree Steck – Vaughn)
Claire, H et al. 2007. *Making History – Grade 12* (Sandton; Heinemann)
Culpin, C. 2000. *South Africa since 1948* (London; John Murray Publishers)
De Klerk, W. 1991. *The Man in his Time – FW De Klerk* (Cape Town; Jonathan Ball)
Dlamini, N et al. 2007. *Shuters History Grade 12* (PMB; Shuter & Shooters Publishers)
Dugmore, C et al. 2007. *Viva History – Grade 12* (Florida Hills; Vivlia Publishers & Booksellers)
Du Toit, F et al. 2004. *Turning Points in History – Negotiation, Transition and Freedom* (Johannesburg; STE Publishers)
Du Toit, F et al. 2006. *Truth and Reconciliation in South Africa: 10 Years On* (Cape Town; David Philip)
Gevisser, M. 2007. *Thabo Mbeki – The Dream Deferred* (Cape Town; Jonathan Ball Publisher)
Giliomee, H. 1994.*The Bold Experiment: South Africa's New Democracy* (Cape Town;
Giliomee, H et al. 2007. *New History of South Africa* (Cape Town; Tafelberg)
Southern Book Publishers)
Govender, SP et al. 2007. *New Generation History Grade 12* (Pinetown; New Generation Publishing Enterprises)
http://www.ena.Lu/Cartoon_Cummings_glasnost_24_August_1988_03_26907
http://globalgeopolitics.net/wordpress/2010/01.18/egypt-economists-blame-neo-liberalism-for-regions-woes/
http://nationsencyclopedia.com/economies/Africa/Egypt/POVERTY-AND-WEALTH.html
http://politicalhumor.about.com/od/political cartoons/19/Egypt.
http://www.pambazuka.org/en/category/cartoons/67921
Institute of Justice and Reconciliation: Truth Justice Memory: South Africa's Truth and Reconciliation Process (Cape Town; Tandym Print)
Meiring, P. 1999. *Chronicle of the Truth Commission: A Journey through the past and present – into the future of South Africa* (Pretoria; Carpe Diem Books)
Ministry of Education, 2004. *Every Step of the Way: The Journey to Freedom in South Africa*
Mkhondo, R. 1993. *Reporting South Africa* (Oxford; James Currey Publishers)
Morris, M. 2004. *Every Step of the Way: The Journey to freedom in South Africa* (London; Cambridge University Press)
New Generation History Grade 12 Study Guide (Pinetown; New Generation Publishing Enterprises)
org/articles/80s/glastnost_and_perestroika.asp
Reid, F. *Long Night's Journey into Day* (Interview)
Sparks, A. 1994. *Tomorrow is Another Country* (Pretoria; Struik Publishers)
*The Financial Mail Special Reports,* 7 May 2004.
Tutu, D. 2000. *No Future without Forgiveness* (Cape Town; Juta Gariep)


MPUMALANGA